UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY

KAMPUS nuus



# Ontmoet ons nuwe viserektore:

## Arnold Schoonwinkel en Eugene Cloete

CT scanner unlocks the past

Volhoubaarheid by US vorder goed

Chatting with Prof Maureen Robinson

Musiekstudente kry groot beurse


JAAR 20#7 SEPTEMBER 2012 YEAR 20#7 SEPTEMBER 2012

## contents inhoud

My kampus: Trevor Crowley staan pa vir studente............3
Joaquim Chissano kom praat oor demokrasie.......................4
SU profiles Kayamandi's needs and assets...............................5
Dubbele eer vir US Biblioteek se Ellen Tise..........................6
New deputy dean at Tygerberg campus.................................7
Ontmoet ons nuwe viserektore...................................................8
Researchers unlock an ancient world........................................10
US vorder goed met volhoubaarheid...........................................11
Talentvolle musiekstudente kry hupstoot...............................12
Kampuslewe: Eet, lees en luister..................................................13
Welwees: Begin nóú oefen..........................................................14
Chatting with Prof Maureen Robinson.....................................15
Brokkies in beeld.............................................................................16


11


13


15

*Redakteur:* Wayne Muller
*Voorbladfoto:* Anton Jordaan
*Bladontwerp:* SUN MeDIA
*Drukwerk:* SUN MeDIA
*Advertensies:* Conita Henry
tel: 021 808 4633, e-pos: chenry@sun.ac.za
*Redaksionele bydraes aan:* Die Redakteur,
Admin B-gebou, tel: 021 808 2927,
faks: 021 808 3800,
e-pos: kampusnuus@sun.ac.za
of wmuller@sun.ac.za

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY



## VAN DIE Redakteur

September is die begin van die lente – 'n tyd van vernuwing. Die son skyn helderder en die natuur ontwaak uit 'n winterslaap. Ons begin ook nuwe planne maak en stof die spinnerakke uit die kaste uit.

Ook hier by die Universiteit begin ons weer vernuwende idees implementeer en maak ons gereed om op nuwe weë te wandel.

In hierdie uitgawe stel *Kampusnuus* jou voor aan ons twee nuwe viserektore wat op 1 September in hul poste begin het. Prof Eugene Cloete is die US se nuwe Viserektor: Navorsing en Innovasie, terwyl prof Arnold Schoonwinkel nou Viserektor: Leer en Onderrig is.

Hulle deel hul visie vir die US en vertel meer oor hul planne vir die pad vorentoe.

Also, read about how technology unlocks the past. Researchers of the Department of Ancient Studies write about a joint project of the SU Central Analytical Facilities and the Iziko Museums in Cape Town to scientifically analyse ancient Egyptian animal mummies with a new Computed Tomography scanner, housed at the Forestry Department.

Sustainability has been a central focus for Stellenbosch University over the past few years. Many developments have been made, and there are several to follow. *Kampusnuus* gives you an update on the projects currently running at SU and reports on some new initiatives.

Prof Maureen Robinson started her term as the new Dean of the Faculty of Education earlier this year. In this issue she tells us more about her first experiences of SU and where she would like to steer the faculty.

Lees ook oor 'n nuwe CD van die klarinetspeler Maria du Toit en pianis prof Nina Schumann van die US Konservatorium. Boonop is daar ons maandelikse welwees-artikel wat jou wenke gee oor hoe om sommer gou fiks te word.

Geniet hierdie uitgawe van *Kampusnuus* en laat hoor van jou: stuur e-pos na kampusnuus@sun.ac.za, of lewer kommentaar op die US Facebook-blad of op Twitter.

Wayne

## KAMPUS klets

**(Oor die formele dokument wat die behoeftes en bates van die gemeenskap in Kayamandi, Stellenbosch, uiteensit en deur die Afdeling Gemeenskapsinteraksie bekendgestel is, bl.5)** Geluk met 'n besondere inisiatief. So 'n databank kan van waarde wees vir gemeenskapsaksies van die Stellenbosch Munisipaliteit. As laasgenoemde (in die lig van die US/munisipaliteit-ooreenkoms) gekoördineer kan word, kan die uitkomste van groot omvang wees. – *Francois Theron*

**(On SU being awarded three prestigious European scholarship programmes, p5)** Stellenbosch University continues to inspire confidence among students and scholars through such opportunities, which in turn widens study opportunities. This is truly a great achievement, and the Vice-Chancellor and the entire management team deserve our commendation. God bless Stellenbosch University! – *Tom J. Obengo*

**(On Maties at the Paralympic Games in London, p5)** It is always exciting to see the name of our rainbow nation and diverse country on the screens of the world. We are not just a country, but a nation, and that is what contributes to our uniqueness and our pride. Good luck to those at the Paralympics 2012. A visit to go make us proud and to represent our nation with dignity and *gees*. Know that you all, in your own unique and special way, contribute to our proud Maties community as students. Well done! And make us proud. – *Dustin Coraizen*

Dit was 'n heerlike alumni-funksie. Sal beslis weer volgende jaar daar 'n draai maak. Baie dankie vir die moeite met alles! – *Herna van der Westhuijzen*

Very cool to see all the Matie bicycles on @StellenboschUni campus. Maybe they will become symbols of coolness... – *Ralph Felix Pina*

Dynamic woman @StellenboschUni (Ellen Tise) appointed as the new Chairperson of the Board of the National Library of South Africa. – *Van Schaik Bookstore*

*Briewe aan* Kampusnuus *is welkom. Stuur 'n kort brief na kampusnuus@sun.ac.za, faks 021 808 3800 of lewer af by Admin B. 'n Skuilnaam mag gebruik word, mits jou naam en e-pos/fisiese adres (nie vir publikasie nie) verskaf word.* Kampusnuus *behou hom die reg voor om briewe te verkort en te redigeer. Lewer kommentaar op die US Facebook-blad by www.facebook.com/stellenboschuniversity, of volg ons op Twitter (@stellenboschuni).*







# Dertig jaar se vreugde

*Dertig jaar nadat hy die eerste dag by die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe begin werk het, is dit steeds elke oggend vir hom 'n vreugde om sy dagtaak te vervul, sê Trevor Crowley, senior assistent vir die Departemente Afrikaans en Nederlands, Filosofie en Politieke Wetenskap. Deur STEPHANIE NIEUWOUDT*

**Ek het in 1982 as twintigjarige by die US begin werk ...** omdat hier goeie voordele was. Ek het geweet daar is subsidies wat dit moontlik maak vir personeellede se kinders om te studeer. My vrou, Carol, is besig met haar meestersgraad in onderwys, en my seun, Wesley (28), het aan die Departement Politieke Wetenskap gestudeer. Hy is Derde Sekretaris by die Suid-Afrikaanse Konsulaat in Algerië. My broer Cedrick het ook hier gestudeer en is 'n politieke raadgewer by die Verenigde Nasies in New York.




**Hierdie kantoor op die sesde verdieping ...** van die Lettere-gebou is my tweede tuiste. Ek ken my *customers*. In 1994 was daar 'n artikel in *Kampusnuus* oor my omdat ek al verskeie kere diewe en potensiële diewe hier voorgekeer het. Een van hulle is betrap toe hy met 'n snippermandjie vol goedere – waaronder 'n kookwaterkan – uit die gebou wou sluip. Hier kom steeds gereeld "besoekers" na die gebou toe, maar ek het 'n aanvoeling vir wanneer iemand nie hier hoort nie. Een van die gereelde "besoekers" lyk asof hy 'n priester is – met 'n swart trui en broek en wit boordjie. Ek het Priester al vier keer hier gekry en elke keer gevra dat hy eerder die gebou moet verlaat.



**Ek het aanhou werk by die fakulteit ...** omdat hier wonderlike mense is wat waardering vir my werk toon. Hulle versuim nooit om dankie te sê nie, en al klink dit eenvoudig, is dié woordjie belangrik. Toe ek verlede jaar vyftig geword het, het die departemente waarvoor ek werk vir my 'n verrassingspartytjie gehou.

**Dosente en studente ...** voer gereeld onderhoude met my vir navorsingsdoeleindes. Mense kom na my toe as hulle wil weet wat op voetsoolvlak in plekke soos Kayamandi en ander gebiede aangaan. Dis altyd vir my 'n besondere eer wanneer studente vir my kom wys hoeveel punte hulle vir werkstukke gekry het waarin ek aangehaal word.



**Ek ondersteuner die US se HOOP Projek ...** en probeer op my manier om die beginsels daarvan uit te dra. Toe ek vroeër vanjaar vir 'n voornemende student wat in Kayamandi woon gaan wys het waar om te registreer, was dit duidelik sy het nie die nodige geld vir die registrasiefooi nie. Ek het betaal en later het sy vir my laat weet die gebaar het vir haar hoop gegee. As jy hier werk, moet jy sielkundige, maatskaplike werker en bankier vir die studente wees. Hier kom klop gereeld studente by my aan wat vra vir 'n lening totdat hul beurs of ander geld loskom. Ek help waar ek kan. Soms kry ek nie net my geld terug nie, maar boonop 'n bier ook.

*Foto's: JUSTIN ALBERTS*

# Joaquim Chissano praat oor demokrasie

Oudpresident Joaquim Chissano van Mosambiek het begin Augustus die Universiteit Stellenbosch besoek op uitnodiging van die Sekerheidsinstituut vir Staatsbestuur en Leierskap in Afrika (SIGLA).

Chissano het 'n openbare lesing in Stellenbosch kom aanbied en op demokrasie gefokus.

In dié lesing het hy gesê om 'n herhaling van gebeure soos dié van die Arabiese Lente te voorkom – toe die mense van Libië, Tunisië, Sirië en Egipte teen hul leiers in opstand gekom het – moet leiers hulself toenemend verbind tot demokratiese staatsbestuur, deursigtigheid, toerekeningsvatbaarheid, die bekamping van armoede en die billike verdeling van hul nasies se welvaart.

"Ek twyfel nie daaraan dat Afrika en sy leiers veiligheid en ontwikkeling as prioriteite beskou vir die kontinent op nasionale, substreek- en streeksvlak nie. Die strewe na 'n veiligheids- en ontwikkelingsagenda het 'n groot invloed gehad op die verandering van die politieke en ekonomiese landskap in Afrika," het hy gesê.

Chissano het bygevoeg dat Afrika hom ekonomies in 'n uitstekende posisie bevind, met die Wêreldbank wat aandui dat Afrika suid van die Sahara vinniger gegroei het in die eerste dekade van hierdie eeu as Brasilië en Indië.

"Afrika is goed geposisioneer om ten volle gebruik te maak van die globale geleenthede van die 21ste eeu. Dit is egter van uiterste belang dat demokrasie gekonsolideer en algemene deelname aan ontwikkeling bevorder word."

Prof Russel Botman, US-rektor, het Chissano bedank vir sy bereidwilligheid om die beskermheer van SIGLA te word.

"Afrika is nie net 'n plek van pyn nie, maar ook 'n plek van hoop. Goeie staatsbestuur en visionêre leierskap staan sentraal tot Afrika se strewe om 'n globale speler te word. Dít is die visie wat ons geïnspireer het om SIGLA tot stand te bring."

SIGLA is 'n inisiatief van die US se HOOP Projek.



*Oudpres Joaquim Chissano in 'n onderhoud ná sy lesing, "Afrika se hoop op sekerheid en ontwikkeling in die 21ste eeu".*

Foto: JUSTIN ALBERTS

# Women's Day celebrated at SU

Prof Amanda Gouws, lecturer in SU's Department of Political Science and one of the commissioners of the Commission for Gender Equality, was the guest speaker at the University's Women's Day celebrations at the University Museum on Wednesday, 8 August.

The event was hosted by the Division of Community Interaction (DCI), the Beyers Naudé Centre for Public Theology and the Frederik van Zyl Slabbert Institute for Student Leadership Development.

Gouws' theme was: "Is multiculturalism bad for women? The conflict between universal human rights and culture/tradition."

This is also the title of a book by Susan Moller Okin, who came to the conclusion that if cultural traditions are bad for women they should be outlawed.

Gouws argued that the dichotomy between universal human rights and culture/tradition will be less pronounced if women are able to put forward their own issues. "The state and the law determine who is recognised and who gets what," she said.

She referred to the Communal Land Rights Bill and the Traditional Courts Bill and asked how it is possible that these pieces of legislation made it to parliament, especially when one considers that 45% of the members of parliament are women.

She described the Traditional Courts Bill as "completely unconstitutional" and said it recognises traditional leaders but not women.



*Prof Amanda Gouws was the guest speaker at Stellenbosch University's Women's Day celebrations.*

Photo: JUSTIN ALBERTS

# Students visit USA

Four senior Stellenbosch students were selected to be part of the South Africa-Washington International Program (SAWIP) class of 2012.

Makhosazana Sika, Daniel Hagen, Carel Kleynhans and Shannon Lambrechts were part of a group of fifteen students. They spent six weeks in Washington DC as part of their six-month leadership, community service and professional development programme that aims to develop emerging South African leaders.

SAWIP recruits students from SU, the University of Cape Town, and the University of the Western Cape.

The SAWIP curriculum is divided into three phases. Phase one comprises a weekend orientation where the entire programme is viewed in detail, and community service and discussions on a number of themes are held. Phase two involves going to Washington, where the students are exposed to real-world working environments. In phase three of the programme, the class collectively devised and implemented a team community service project. They will graduate from SAWIP this month.



# University included in European scholarship programmes

Stellenbosch University has recently been awarded three prestigious European scholarship programmes: ema2sa, EUROSA and EU-SATURN. These programmes are the Erasmus Mundus programmes awarded for the next scholarship round.

SU has been involved with the Erasmus Mundus Action 2 programmes since the first programme for South Africa was awarded in 2010.

The inclusion in these consortia is significant for the mobility of students and staff and offers a range of opportunities for academic development.

Over the past three years, apart from other exchange agreements with partner institutions worldwide, the University has sent abroad 54 students and staff through these Erasmus Mundus scholarships.

The 2012 inclusion continues with the EUROSA and ema2sa programmes, and now also a third: EU-SATURN.

SU is particularly looking forward to the opportunities that the new EU-SATURN programme offers. This consortium not only includes current partner universities such as the University of Ghent (Belgium), Georg August University Göttingen (Germany) and Uppsala University (Sweden) but also creates links to new partners including the coordinator (University of Groningen, the Netherlands), University of Valencia in Spain and University of Newcastle upon Tyne in the UK.

Huba Boshoff, Coordinator: Exchanges at the Postgraduate and International Office, explains that the inclusion of a representative number of South African institutions also creates the opportunity for national collaboration.

For more information contact Boshoff on 021 808 2606 or huba@sun.ac.za.

# SU profiles Kayamandi's needs and assets

A formal document describing the needs and assets of the community in Kayamandi in Stellenbosch was introduced and discussed at a meeting of the Community of Practice of SU's Division for Community Interaction (DIC) at the beginning of August.

The Community Needs Assessment and Asset Mapping profile of Kayamandi, compiled by Jacob du Plessis, Prof Lindy Heinecken and David Olivier of the Department of Sociology and Social Anthropology, was compiled to be a resource for the University, other institutions, community organisations and community members to assist them in making more informed decisions about issues affecting the residents of this area.

Du Plessis formally handed over the document to Prof Julian Smith, Vice-Rector: Community Interaction and Personnel, at the meeting.

"The DCI is committed to compiling profiles of communities where SU has a concentrated footprint. Community profiles of Swellendam and Avian Park in Worcester are already available. A profile on Cloetesville in Stellenbosch will follow shortly," Smith said.

Dr Jerome Slamat, Senior Director of the DCI, also emphasised the importance of this document. "People always ask us: 'But what does the community say?' This is the voice of the community. There are limitations, but this is a slice of reality."

Du Plessis, who was one of the principal researchers on the project, explained that this information is vital for academics and students who wish to conduct research in these communities but do not know the role-players, the level of trust associated with them, or which organisations are working on which issues.

"The researchers also sought to establish who the community leaders are, what economic and business ventures exist within these communities, and what community members regard as the greatest challenges affecting their livelihoods. Information on this can aid and assist community intervention initiatives," the report states.



*Mr Jacob du Plessis hands the Community Needs Assessment and Asset Mapping profile of Kayamandi to Prof Julian Smith, Vice-Rector: Community Interaction and Personnel.*

Photo: HENRY AFRICA

# Maties se Paralimpiese atlete na Londen

Twintig lede van Suid-Afrika se span wat die land vandeesmaand op die Paralimpiese Spele in Londen verteenwoordig is Maties.

Verteenwoordigers van die Universiteit het op 8 Augustus 'n geleentheid gehou waar hulle die spanlede sterkte toegewens het. Die groep sluit veterane soos Ernst van Dyk (sesde Paralimpiese Spele), Zanele Situ (vierde spele), Hilton Langenhoven, Jonathan Ntutu en Ilse Hayes (derde spele) in.

Tydens die funksie is daar aan elkeen 'n Protea-ruiker en 'n pen oorhandig.

Prof Julian Smith, Viserektor: Gemeenskapsinteraksie en Personeel, het die trots wat hy ervaar vergelyk met die gevoel wat hy tydens 'n gradeplegtigheid ervaar wanneer hy na die studente kyk en weet dat jare se harde werk en opofferings nou beloon word.

"Julle dra ons drome. Maak die Universiteit, die dorp, die land trots. Die 30 medaljes van Beijing is nie so nodig nie, maar tog ook nodig, want die land kort positiewe nuus.

"Die wese van die US is kennis en uitnemendheid, en julle verpersoonlik hierdie waardes," het Smith tydens die geleentheid gesê.

## Le Cordeur ontvang die Orde van die Goue Pen

Dr Michael le Cordeur, dosent in Afrikaans Kurrikulumstudie aan die US, het die prestige toekenning die Orde van die Goue Pen ontvang van die Cordis Trust vir buitengewone bydrae tot die bevordering van Afrikaans.

Die proses van identifisering fokus eerstens op meriete, dan op betrokkenheid by die gemeenskap en laastens op hoe die persoon moontlik 'n verdere bydrae kan maak.

Die direksie van die Trust, wat invloedryke digters en skrywers soos Fanie Olivier, John Miles, Braam de Vries en EKM Dido asook akademici soos proff Heilna du Plooy en Hermann Giliomee insluit, het in hul aankondiging genoem dat die toekenning as erkenning sal dien vir die volgehoue bydrae tot die bevordering van Afrikaans en die hoop uitgespreek dat dit as aansporing sal dien vir verdere publikasies en betrokkenheid.

Die Trust het altesaam twaalf toekennings gemaak wat bestaan uit 'n oorkonde, R5 000 prysgeld en gratis publikasie van 'n toepaslike onderwerp. Die oogmerk is die bevordering van skryf-, dig-, drama-, liriekekuns en kultuuraspekte. Ander ontvangers sluit in die digter Floris A Brown, die joernalis-skrywer Dana Snyman, die akademikus dr Susan Smith van die Fort Hare-universiteit, dr Jeanette Ferreira en Stef Kruger.

Le Cordeur het ook pas teruggekeer uit Turkye waar hy aan die Izmir-universiteit 'n lesing gelewer het oor die waarde van moedertaalonderrig.



*Michael le Cordeur*

# Dubbele eer vir biblioteekhoof

Ellen Tise, Direkteur: Biblioteek- en Inligtingsdiens aan die Universiteit Stellenbosch, het in Vrouemaand, Augustus, twee besonderse prestasies behaal het. Een plaas haar aan die voorpunt van nasionale erfenisbewaring en die ander vereer haar as 'n voortreflike internasionale rolmodel in die biblioteek- en inligtingswese.

Tise, wat sedert 2006 aan die stuur van die Biblioteek- en Inligtingsdiens is, is vandeesmaand aangestel as die nuwe voorsitter van die Raad van die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika (NBSA). Sy is ook vereer met erelidmaatskap van die Internasionale Federasie van Biblioteekverenigings en -instellings (IFLA).

As voorsitter van die NBSA se raad neem Tise die voorste posisie en verantwoordelikheid aan vir die bewaring van die land se intellektuele erfenis.

Die NBSA-raad word deur die minister van kuns en kultuur aangestel uit 'n kortlys wat opgestel word deur 'n adviespaneel ná 'n versoek vir openbare nominasies. Die NBSA-raad speel veral 'n belangrike rol om die minister te adviseer oor beleid en die finansiële bestuur van die Nasionale Biblioteek.

Tise se aanstelling is van 1 Oktober vanjaar tot 30 September 2015.

Op die 78ste wêreldkongres van die IFLA in Helsinki, Finland, is Tise met erelidmaatskap vereer – die hoogste verering deur die federasie. Ontvangers van dié toekenning verteenwoordig uiters voortreflike bydraes tot die IFLA en internasionale biblioteekwese. Die tydsraamwerk, aard van die



*Ellen Tise, Direkteur: Biblioteek- en Inligtingsdiens aan die US.*
*Foto: ANTON JORDAAN*

bydrae tot die IFLA of internasionale biblioteekwese asook die waarde daarvan, word in ag geneem wanneer die toekenning gemaak word.

'n Huldeblyk wat die toekenning vergesel, lui dat Tise se bydrae tot biblioteekwese in Suid-Afrika, die Afrika-kontinent en internasionaal as 'n model van inspirasie dien vir almal wat die beroep beoefen.

Tydens die oorhandiging het Ingrid Parent, IFLA-president 2011-2012, gesê: "Ellen het haar onderskei as IFLA President (2009-2011). Haar presidensiële tema 'Libraries driving access to knowledge' was deurslaggewend om die biblioteek- en navorsingsgemeenskappe bymekaar te bring en om ooptoegang as prioriteit te stel vir die IFLA."

## Joernalistiek-dosent wen teksprys

'n Oud-Matie en tans die Rykie van Reenen-genoot aan die US se Departement Joernalistiek, Willemien Brümmer, is as die eerste wenner van die Absa KKNK en die Dagbreek Trust se tekskompetisie aangewys.

Brümmer se voorstel, *Aandlied*, is uit meer as 50 aansoeke as die wenteks gekies. Sy ontvang R50 000 kontant om haar teaterstuk onder die leiding van die gesoute dramaturg Schalk Schoombie tot 'n volwaardige teks te ontwikkel wat in die toekoms by die KKNK opgevoer gaan word.

Sy wil nie tans self veel meer verklap oor die detail van die teks nie, maar volgens 'n persverklaring draai *Aandlied* om 'n moord op 'n plaas wat in die proses die Afrikaanse gesinstruktuur blootlê. Haar inspirasie, sê sy, was onlangse nuusgebeure.

Brümmer, 'n bekroonde joernalis, skryf sedert 2007 vir *Die Burger*, *Beeld*, en *Volksblad* se bylae *By*. Sy is ook die skrywer van die kortverhaalbundel *Die dag toe ek my hare losgemaak het*, wat in 2008 deur Human & Rousseau uitgereik is.



## US in Gauteng bemark

'n Uitgebreide besoek aan Gauteng in Augustus deur 'n afvaardiging van die US het verseker dat rolspelers in dié provinsie deeglik bewus is van wat die Universiteit vorentoe beplan.

Prof Russel Botman, US-rektor, en personeel van die Afdeling Institusionele Bevordering – Alumni-verhoudinge, die Ontwikkelingskantoor en Kommunikasie en Skakeling – het van 20 tot 24 Augustus met verskeie rolspelers vergader om hulle van die US se werksaamhede in te lig.

Tydens die besoek het Botman met verteenwoordigers van maatskappye soos Vodacom, SAB en L'Oreal vergader, en was ook gasheer vir 'n aandete vir maatskappyverteenwoordigers waar gepraat is oor investering in nuwe leer- en onderrigfasiliteite.

Diplomatieke bande is ook gesmee tydens 'n ontbyt in Pretoria wat bygewoon is deur verteenwoordigers van onder meer die ambassades van die Tsjeggiese Republiek, Egipte en Argentinië, asook die Nieu-Seelandse, Maleisiese en Ghanese hoëkommissariate en die Delegasie van die Europese Unie in Suid-Afrika.



*Die Sentrum vir Voornemende Studente (SVS) het in samewerking met Alumni-verhoudinge 'n rektorsete vir top-presteerders in Johannesburg aangebied. Twee US alumni, Janine Jellars, Hoofredakteur van Seventeen Magazine en Michiel le Roux, Beleggingsverkenner by PSG Africa, het aan die studente hul ervaringe van hul studentedae oorgedra. Hier is Jellars, Beverly Fanella van SVS, Bev Witten, Direkteur: Alumni-verhoudinge en Mokgadi Seabi. Foto: LIEZL SCHOLTZ*

Botman het ook 'n gesprek met die Amerikaanse ambassadeur gevoer oor moontlike samewerking.

Die US was ook in dié week gasheer vir 'n geleentheid vir die 15 top-presteerders in Johannesburg en die kandidate aan wie werwingsbeurse toegeken is.

'n Mediapaneel, met die tema "Freedoms in the South African society: Are we mature enough? is aangebied deur Alumni-verhoudinge, waarby bekende oud-Maties soos die joernaliste Mandy Rossouw, Waldimar Pelser, Ilze Salzwedel en Freek Robinson betrek is.

Die US se Ontwikkelingskantoor het 'n erflatersgeleentheid aangebied, en 'n ontbyt is vir die CSI-beamptes (*Corporate Social Investment*) van verskeie maatskappye gehou.

## Firoz Khan verteenwoordig US by Afrika-program

Dr Firoz Khan, senior lektor in die US se Skool van Publieke Leierskap, is gekies om van 6 tot 21 September die hoëvlakbyeenkoms "Africa Programme for Rethinking Development Economics" (APORDE) by te woon.

APORDE is 'n opleidingsprogram in ontwikkelingsekonomie wat beoog om kapasiteit in die ekonomie en ekonomiese beleidmaking te bevorder. Akademici, beleidmakers en verteenwoordigers van die burgerlike samelewing uit Afrika, Asië en Latyns-Amerika sal blootgestel word aan alternatiewe vir hoofstroomdenke.

Khan meen dié program is uiters belangrik vir Afrika: "Slegs 'n paar Afrika-lande het die afgelope 50 jaar volhoubare ekonomiese ontwikkeling beleef en Afrika-regerings en -gemeenskappe is swak toegerus om krities te reageer op eksterne inisiatiewe wat op hul ontwikkeling gemik is en om inheemse strategieë te genereer."

## New deputy dean at Tygerberg campus

The Faculty of Medicine and Health Sciences at SU's Tygerberg campus has recently announced the appointment of Prof Nico Gey van Pittius as Deputy Dean: Research at the Faculty, effective from 1 September. The appointment is for a period of five years, with the possibility of reappointment for a further term.

Gey van Pittius joined the Faculty in 1998 as a researcher in the then division of Medical Biochemistry. He obtained his PhD degree in 2002 and stayed on at the faculty as a post-doctoral fellow.

Prof Jimmy Volmink, Dean of the Faculty of Medicine and Health Sciences, said Gey van Pittius was one of the core members of the research team whose work led to the establishment of the DST/NRF Centre of Excellence in Biomedical Tuberculosis Research in the Department of Biomedical Sciences. In 2004 he was appointed as a senior researcher at the centre and in 2008 as associate professor in Molecular Biology and Human Genetics.

Gey van Pittius is a tuberculosis molecular biologist and his major scientific interest is in the field of mycobactomics, which includes the genomics and proteomics of tuberculosis.

He obtained his LLB degree from Unisa in 2010 and is currently registered for an LLM as well as an MBA degree. He also has a special interest in intellectual property law.



*Prof Nico Gey van Pittius*

# Reg vir die groot taak

*Op 1 September het Proff Arnold Schoonwinkel en Eugene Cloete hul poste as Stellenbosch Universiteit se nuwe viserektore begin. Hulle gesels oor die uitdagings wat nou vir hulle voorlê.*

***Prof Arnold Schoonwinkel, Viserektor: Leer en Onderrig, gesels met STEPHANIE NIEUWOUDT oor sy nuwe pos.***

Vir prof Arnold Schoonwinkel, wat in Junie as Viserektor: Leer en Onderrig aangewys is, is daar drie uitdagings wat vir hom uitstaan. Die eerste is om seker te maak dat alle studente aan die US welkom voel. Die tweede is om te sorg dat dosente weer die plesier van klasgee ervaar. Voorts is daar 'n aantal prosesse rondom leer en onderrig wat verbeter kan word en tegnologies ondersteun kan word.

"Die US word erken as 'n gehalte-instelling en ons sal toenemend geleentheid kry om top-studente hierheen te lok danksy die uitstekende programme wat hier aangebied word. Ons sal ook moet sorg dat ons aan meer studente vanuit benadeelde omgewings, wat die potensiaal het om akademies uit te styg, geleenthede bied," sê hy.

Schoonwinkel meen die ondersteuningsdienste aan studente kan beter geïntegreer word. "Sommige fakulteite bied ondersteunings-, mentorskap- en ander hulpprogramme aan wat aansluit by die ondersteuningsdienste van die Viserektor se verantwoordelikheidsentrum. Albei omgewings bied baie vir die studente, maar praat te min met mekaar."

Wat dosente betref, sê Schoonwinkel, beoog hy om "meer in die fakulteite rond te beweeg" ten einde te sien hoe innoverende akademici hul take verrig. "Fakulteite moet meer bewus gemaak word van mekaar se goeie leer en onderrigpraktyke. Baie aspekte kan oor dissiplines heen toegepas word."

*"Die US is steeds 'n Afrikaanse universiteit wat baie moeite doen om veeltaligheid te bevorder. Maar toeganklikheid word deur middel van Engels bevorder sodat dit vir enige Suid-Afrikaner moontlik is om suksesvol aan die US te studeer."*

Hy voeg by: "Wat die status van leer en onderrig aan die US betref, het die genot wat dosente gehad het om saam met studente te leer in baie gevalle weens die groeiende getal studente afgeneem. Ons moet dosente identifiseer wat maniere gevind het om steeds hul geesdrif te behou en hul programme op innoverende wyses aanbied." In sommige gevalle is bloot meer dosente nodig.

Schoonwinkel beoog om die groot administratiewe las van personeel aan te spreek. Daar is byvoorbeeld talle komitees betrokke wanneer sekere besluite gemaak word waaroor die Senaat uiteindelik moet besluit. "Die doelwit is om die meeste aandag te skenk aan daardie 20% van ons werk wat 'n positiewe effek op 80% van ons resultate het. Sommige komitees kan dalk deur korttermyn-taakspanne vervang word.



*Prof Arnold Schoonwinkel*

*Foto's: ANTON JORDAAN*

Om met jongmense te werk, verskaf Schoonwinkel groot genot. "Hulle het in ander omstandighede as my generasie grootgeword en is sosiaal sterk ingestem. Hulle is nie verdraagsaam teenoor die stereotipe nie en vra meer vrae. Hulle is reg vir die huidige werklikhede van die samelewing en die toekoms wat vir hulle voorlê."

Hy sê egter daar is 'n wankultuur onder sommige studente – dié lede van die studentegemeenskap wie se primêre doel nie is om hulself so goed moontlik te kwalifiseer nie en nie daarop fokus om as geheelmens te ontwikkel nie.

Hoe voel Schoonwinkel oor die US se taalbeleid, wat deel uitmaak van sy portefeulje? "Die US is steeds 'n Afrikaanse universiteit wat baie moeite doen om veeltaligheid te bevorder. Maar toeganklikheid word deur middel van Engels bevorder sodat dit vir enige Suid-Afrikaner moontlik is om suksesvol aan die US te studeer.

"Die universiteit het egter om twee redes 'n plig om Afrikaans as akademiese taal uit te bou: om taaldiversiteit te bevorder, en omdat talle studente kennis die maklikste in Afrikaans verwerf. Dit kan nie Engels óf Afrikaans wees nie, want dan verloor iemand. Maar as 'n 'en'-benadering gevolg word, is daar groei."





*Prof Eugene Cloete*

***Prof Eugene Cloete, Viserektor: Navorsing en Innovasie, sê aan ENGELA DUVENHAGE hy is reg vir die uitdagings van sy nuwe pos.***

Die mikrobioloog en waterman prof Eugene Cloete het 'n stewige skeut filosoof, mediator, onderwyser, berader en motiveringspreker in hom. Hy word gedryf deur nuwe, opwindende idees, en raak behoorlik opgewonde oor die kreatiwiteit en potensiaal wat in studente en kollegas opgesluit lê.

Sedert hy op Lentedag die dekaanstoel van die US se Fakulteit Natuurwetenskappe vir dié van Viserektor: Navorsing en Innovasie verruil het, is hierdie B-gegradeerde wetenskaplike vir die eerste keer in sy loopbaan verantwoordelik vir meer as net die belange van mense uit die sogenaamde SET-omgewing van natuurwetenskappe, ingenieurswese en tegnologie.

Die uitbouing van navorsing aan die hele universiteit – met die bykomende titelskrif van "innovasie" wat nuut bykom as deel van die pakket – is nou sy domein. Daarby val eenhede soos die Biblioteek- en Inligtingsdienste, die Afdeling Institusionele Bevordering, die Afdeling Navorsingsontwikkeling en die Nagraadse en Internasionale Kantoor ook onder sy sorg.

Dit is 'n taak wat hy letterlik fluit-fluit aanpak, want vir 'n nuwe uitdaging was hy nog nooit bang nie.

"Van ons grootste uitdagings in hierdie land lê nie net binne die SET-velde nie, maar juis op die sosiale terrein," glo Cloete, wat onlangs ook as raadslid van Suid-Afrika se Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) aangestel is.

"Wetenskap kan nie werk sonder die mense wat die beleid, die politieke wil en die sosiale innovasie help belyn nie. Sonder ons regstelsel kan ons nie uitvinders se patentereg beskerm nie, sonder sosioloë sal ons nooit weet wat die impak van tegnologie op mense se lewens is nie, en ons het die ekonome nodig om vir ons te vertel of daar sakesukses in iets opgesluit lê of nie," verduidelik hy.

Cloete is nie net 'n bekende kundige op die gebied van Suid-Afrika se watersituasie nie, maar ook een van die land se mees suksesvolle studieleiers in die natuurwetenskappe wat betref die lewering van hoogstaande MSc- en PhD-diversiteitskandidate. Dié voormalige ontvanger van 'n goue medalje van die Academy of Science of South Africa (ASSAf) beplan nie om enigsins af te wyk van die drie basiese beginsels waarvolgens hy tot dusver sy loopbaan suksesvol gerig het nie.

"Ek glo 'n mens moet jou dagtaak volgens die beginsels van buigbaarheid en waardetoevoeging kan bedryf, en hoë-impak aktiwiteite verrig op die eenvoudigste, mees effektiewe maniere moontlik," sê Cloete, wat in sy tydperk as voorsitter van die Skool vir Biologie aan die Universiteit van Pretoria ook daar die Edward de Bono-instituut vir Kreatiwiteit gestig het.

"Aan die einde van elke dag moet jy kan verantwoord of jy 'n impak gemaak en waarde toegevoeg het, veral tot ander mense se lewensgehalte. Alles hang af van hoe jy dinge aanpak, hoe jy daarna kyk, hoe jy 'n taak verrig," vertel dié uitvinder van die sogenaamde teesakkiewaterfilter wat ook sewe ander patente agter sy naam het.

"Vat nou maar iets soos innovasie, wat nou deel van hierdie viserektorskap is: Mense dink dit gaan net oor die uitdink van nuwe tegnologie of produkte, maar dis soveel meer as dit. Dit gaan oor hoe jy te werk gaan om inligting deur onder meer moderne biblioteekdienste toeganklik vir studente aan te bied, hoe vernuwend jy is as dit kom by die optimisering van derdestroom-befondsing of die skep van onderriggeleenthede, en die nuwe maniere wat jy inspan om die skeppende talente van mense te ontwikkel," glo Cloete.


*"Aan die einde van elke dag moet jy kan verantwoord of jy 'n impak gemaak en waarde toegevoeg het, veral tot ander mense se lewensgehalte. Alles hang af van hoe jy dinge aanpak, hoe jy daarna kyk, hoe jy 'n taak verrig."*

"Die Universiteit en sy mense het die vermoë om 'n land te help verander, solank as wat ons bereid is om met intelligente leierskap 'n kultuur van gesprekvoering tussen mense te help skep. Ons moet oplossings en aanbevelings kan bied – nie net kritiek uitspreek nie. Dan sal ons eers werklik relevant wees in dit wat ons doen," meen Cloete.

• Prof Doug Rawlings sal as dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe waarneem totdat 'n nuwe aanstelling gemaak word.

# Technology unlocks an ancient world

*Stellenbosch University's Department of Ancient Studies, its Central Analytical Facilities and Iziko Museums are currently busy with a joint project to scientifically analyse ancient Egyptian animal mummies with the new Computed Tomography scanner, writes Dr RUHAN SLABBERT, Prof SAKKIE CORNELIUS and Dr ANTON DU PLESSIS.*



*Dr Ruhan Slabbert, Prof Sakkie Cornelius and Dr Anton du Plessis with the Computed Tomography (CT) scanner of SU's Central Analytical Facilities. The scanner is housed at the Forestry Building.*
*Photo: JUSTIN ALBERTS*

Unlocking the mysteries that lie within mummies while still preserving them, has become much easier with the use of technology. With the new Computed Tomography (CT) scanner of Stellenbosch University's Central Analytical Facilities (CAF), scientists are now able to analyse these mummies better without physically opening them.

Cape Town's Iziko Museums house a collection of ancient Egyptian artefacts, among these are animal mummies. On 28 June, three bird mummies and what is presumed to be a cat mummy were scanned with the CT scanner at CAF using a state-of-the-art industrial x-ray CT scanner.

This new facility is open to academic and commercial users and allows one to investigate objects non-destructively in full 3D, therefore allowing high-definition viewing of the inside of the mummies without opening them.

The ancient Egyptians mummified their dead to preserve the body "for eternity". However, they also mummified animals – as a matter of fact, they mummified many more animals than humans. Mummified animals included pets such as cats and dogs, which accompanied their owners into the afterlife. Sacred animals such as the Apis bull were mummified after they died and even the flesh of animals (cuts of beef and whole ducks) were wrapped and placed as food offerings in tombs.

The largest number of mummified animals, of which there are millions, can be classified as votive offerings to certain deities: the cat (*Felis* spp.) to Bastet, the ibis (family *Threskiornithidae*) to Thoth, and the falcon (family *Falconidae*) to Horus.

Votive mummies of animals were especially popular in the Greco-Roman period (after 300BC and ending with the advent of Christianity during the 4th century AD). These mummies served as a "prayer" to a certain deity, donated by pilgrims and ritually buried in special containers in catacombs.

The animals could be deliberately killed by breaking the neck or crushing the skull and then eviscerated and covered in natron for drying and finally bandaged. Certain animals were possibly bred on a commercial scale (as in the case of the ibis, but probably not the falcon). Some animal mummies are mere fakes because of the "commercialisation" of mummification, and consist only of bundles of plant material and filled with mud or bandages or some bone fragments.


The aim of scanning the Iziko mummies was to determine whether the mummies are mere fakes and if they contain bone fragments or whole skeletons. Normal x-ray images (also possible with this instrument) are useful but the additional information gained by the CT scan helps to accurately and easily measure bone fragment dimensions, which allows the identification of the species of animal.

The scanning revealed that the one bird is a fake, presumably containing only some plant material and mud; the second only contains a claw; and the third contains a complete bird skeleton. The "cat" has only a partial front and full hind body and limbs preserved.

The next step will be to determine the date of the objects, how the animals were killed, the substances used in the process of mummification, whether the "cat" is indeed a cat, and what species of bird is involved.

• Visit www.sun.ac.za/caf and http://blogs.sun.ac.za/as/ for more information.

• This project was undertaken by the Department of Ancient Studies (Prof Sakkie Cornelius and Liani Swanepoel), CAF (Drs Anton du Plessis and Ruhan Slabbert), and Iziko Museums (with thanks to Lalou Meltzer, Director: Social History Collections, and Esther Esmyol and her team).



*This three-dimensional rendering from the CT scan data shows a bird claw without the rest of the body (the rest of the material, including bandages, mud and plant material surrounding the claw, was removed by thresholding in this image).*



# 'n Volhoubare universiteit

*Goeie vordering word gemaak met verskeie aktiwiteite by die Universiteit Stellenbosch om volhoubaarheid te bevorder. KAMPUSNUUS berig oor die jongste verwikkelinge.*

Volhoubaarheid is 'n strategiese fokus van die US en ook een van die HOOP Projek se temas. "Sistemiese volhoubaarheid beteken dat die impak van aktiwiteite op mense, die samelewing en die ekonomie in ag geneem moet word. Nie net moet die US sensitief wees vir die ekologiese voetspoor van sy aktiwiteite en fasiliteite nie, maar finansiële bronne moet ook verantwoordelik en volhoubaar bestuur word. Anders kan die universiteit nie voortbestaan nie," sê prof Leopoldt van Huyssteen, Uitvoerende Direkteur: Bedryf en Finansies wat verantwoordelik is vir die bestuur van sistemiese volhoubaarheid aan die US.

Wat navorsing en leer en onderrig betref, is daar reeds talle aktiwiteite wat volhoubaarheid aan die US bevorder – so ook wat finansiële bestuur betref. Maar wat beteken volhoubaarheid in praktyk?

## Water

"Die US het verskeie aksies van stapel gestuur om water te help bespaar, onder meer dat die bestuur in Admin B nie meer gebottelde water drink nie," sê dr Barbara Pool, Direkteur: Projekte en projekbestuurder van die oorkoepelende volhoubaarheidsprojek. Waterfilters is aan die krane geïnstalleer en water kan in glas bottels of kraffies getap word.

Wat kan jy doen? Installeer 'n waterfilter in jou afdeling of departement en staak die aankoop van gebottelde water. Kyk uit vir die waterstasies met hul spesiale handelsmerk op die kampus. Bring jou eie waterbottel en maak dit daar vol – en gebruik dieselfde bottel die volgende dag.



## Mobiliteit

Die US se Mobiliteitsmeesterplan stel voor dat motorvervoer in kombinasie met ander vervoermaniere gebruik word as teenvoeter vir die hoë verkeersvolumes op die kampusse en die gepaardgaande koolstofvoetspoor. Jy kan dus stap, fietsry, of die kampuspendeldiens, saamryklubs en openbare vervoer gebruik.

Bykans 200 van die 400 Matie Fietse wat die US aangekoop het, word tans verhuur. Ook afdelings, soos Fasiliteitsbestuur, het fietse gehuur wat personeellede gebruik. Kontak Lelanie Langford (llang@sun.ac.za) vir meer inligting.

Die loodsprojek vir die kampuspendeldiens in Stellenbosch het in die eerste semester begin. Twee roetes tussen die kampusperiferie en die sentrale kampus word tans gevolg, met nog roetes wat vir 2013 beoog word. Die loodsprojek vir die openbare vervoerdiens tussen die breër Stellenbosch en die kampus begin volgende kwartaal ná gesprekke met die taxiverenigings. Volgens Pool word drie roetes (Botmashoogte, die stasie en Papegaaiberg) beoog. Meer inligting is op die US-webblad.

Studente en personeel kan nou deur 'n private, gratis aanlyndiens saamrygeleenthede kry. Jy kan aanlyn op Findalift se geslote webtuiste registreer en so 'n saamrygeleentheid vind. Die skakel na Findalift is by www.sun.ac.za/volhoubaarheid.

## Herwinning van afval

'n Groener kampus word in die vooruitsig gestel deur die herwinning van groot hoeveelhede afval wat normaalweg na die munisipale stortingsterrein sou gaan. "Einde Junie is die eerste mylpaal bereik toe 30% van die Stellenbosch-kampus se afval vir herwinning gestuur is," sê John de Wet, Senior Tegniese Bestuurder: Bosbou en Bewaring.

Prakties werk dit só: Op die Stellenbosch-kampus is gemerkte houers vir onderskeidelik nat en droë afval. Tygerberg en Bellvillepark kry ook eersdaags van dié houers. Deur afval in die regte houers te plaas, vergemaklik dit die sorteringsproses vir herwinning.

By kantore en fakulteite (Stellenbosch en Tygerberg) het personeellede twee opsies: Eerstens, een houer (vir droë herwinbare afval) vir elke kantoor en houers vir nat en droë afval in die kombuise. Die droë afval word verder gesorteer vir herwinning en die nat afval gaan na die munisipale stortingsterrein.

Tweedens, twee houers vir droë en nat afval onderskeidelik in elke kantoor, teekamer en kombuis. Opgeleide skoonmakers sal die afval daarin na die regte punte neem vir herwinning. Nat afval word na die munisipale stortingsterrein geneem.

Kontak De Wet (jdewet@sun.ac.za) of Meg Pittaway (meg2@sun.ac.za) vir raad met afvalbestuur.



## Energiebesparing

Die US doen reeds baie om energie te bespaar. Energiemeters is onder meer geïnstalleer om energieverbruik te meet, energie-oudits is gedoen om die besparingskapasiteit te bepaal en die sonverhittingstelsels is geïnstalleer. Wees op die uitkyk vir die kennisgewings by ligskakelaars wat jou herinner om die ligte af te skakel as jy 'n vertrek verlaat.

# Talentvolle jong musici kry beurse

Twaalf talentvolle musiekstudente wat aan die Universiteit Stellenbosch se Konservatorium studeer het 'n groot finansiële hupstoot gekry vir hul studies hierdie jaar.

Dié musiekstudente was die ontvangers van verskillende beurse wat deur die Graham en Rhona Beck Musiekontwikkelingsinisiatief bewillig is. Dié inisiatief word befonds deur die Graham en Rhona Beck Stigting, wat deur dié afgestorwe mynwese-entrepreneur en eienaar van wynplase begin is.

Drie jaar gelede het die stigting 'n skenking van R1 miljoen aan die US se Departement Musiek gemaak vir tersiêre musiekopleiding, wat oor 'n termyn van vier jaar bestee sou word. Die Graham en Rhona Beck-beurse is tans die grootste gesamentlike beursfonds vir musiekstudie aan die US, en bestaan uit 'n aantal verskillende beurse.

Verlede jaar is die grootste beurs, die Graham & Rhona Beck-musiekbeurs, van R50 000 per jaar oor vier jaar aan die pianis Sulayman Human toegeken. Human, 'n student van prof Nina Schumann en Luis Magalhães, het onlangs op die Klein Karoo Klassique in sy tuisdorp, Oudtshoorn, 'n klavieruitvoering gelewer.

Verder is daar drie eerstejaarsbeurse van R25 000 elk wat telkens aan eerstejaarstudente toegeken word. Vanjaar was die ontvangers Charl Clayton (hobo), Axolile Hosa (fluit) en Ellanie de Jager (viool). Clayton en Hosa het eers die Konservatorium se Sertifikaat-oorbruggingsprogram deurloop voordat hulle die eerstejaarsoudisie geslaag het.

Die musiekambassadeursbeurs van altesaam R30 000 is bedoel vir gevorderde studente wat in die buiteland aan 'n kompetisie of meesterklasse wil deelneem. Die ontvangers vanjaar is Dylan Tabisher, Cherilee Adams (albei MMus-studente in perkussie), Irene Kim (vierde jaar in klavier) en Myles Roberts (derde jaar in fluit).

Daarbenewens word R50 000 per jaar toegeken aan studente in die Sertifikaatprogram, by name Garren Wagner, Renaldo Daniels, Sloan Solomons en Vernon Alexander.

Prof Winfried Lüdemann, Voorsitter van die Musiekdepartement, het gesê hulle het groot waardering vir die skenking.

"In 'n tyd waar universiteitsopleiding al duurder word, gee hierdie ondersteuning 'n geleentheid aan talentvolle musiekstudente om hul studies by ons te begin of voort te sit. Die skenking plaas die Musiekdepartement in 'n sterk kompeterende posisie ten opsigte van die werwing van goeie studente, veral uit voorheen benadeelde omgewings. Terselfdertyd kan die skenking gesien word as 'n teken van vertroue in die reputasie van die departement en die gehalte opleiding wat hier aangebied word," het Lüdemann gesê.



*Prof Winfried Lüdemann (Voorsitter van die Musiekdepartement), Ellani de Jager, Cherilee Adams, Elresia Myburgh (wat die Graham en Rhona Beck-musiekontwikkelingsinisiatief administreer), Charl Clayton, Axolile Mosa, Myles Roberts, Sulayman Human en Louise Howlett (produksie-administrateur van die Konservatorium).*

*Foto: JUSTIN ALBERTS*





*A food store with a really wide variety of dishes, a book tackling women in society, and a recording of classical music by two leading Stellenbosch musicians – these are on Kampusnuus' radar this month. Spring has sprung, so take time to lunch, read and enjoy music.*

## Lunch-Time

On 16 August, the Food Lover's Market opened in Stellenbosch's Eikestad Mall. And since then, this shop has been a bustling lunch-time venue.

The store, located in the new wing of Eikestad Mall, sells almost every food item that one can think of. Not only do they sell cooked food and have a restaurant, they also sell fresh fruit, vegetables and meat.

Divided into different sections, Food Lover's Market caters for almost every taste. The restaurant has a menu which boasts anything from interesting breakfast options to pasta and pizza. Speciality coffees and teas can also be ordered in the restaurant.

For those who want to grab and go, there are different counters where you can order fresh fruit salad, wraps, pizza slices, sandwiches, hamburgers and soup.

You can also have hot meals – from curries to oxtails stew – as well as a variety of salads. Also, there is a bakery with bread, pastries and cakes.

And seeing that you are in Food Lover's Market already, you might as well buy something to prepare for supper at the butchery or fish shop. Or get some cold meats, cheese or sweets and nuts.



## Luister



Twee Stellenbosse musiekdosente het pas 'n nuwe CD vol pragtige klarinetmusiek deur 19de en 20ste-eeuse komponiste bekendgestel.

Maria du Toit, 'n oudstudent van die US Konservatorium en tans deeltydse klarinetdosent hier, het 'n album van uiteenlopende musiek vir die klarinet en klavier saam met prof Nina Schumann opgeneem.

Volgens die CD-boekie bring die keuse van musiek die verskillende kleurskakerings van die klarinet na vore. Die album se titel is daarom heel gepas *Luminous Shade*.

Du Toit (regs op die foto), wat sedert 2002 die hoofklarinetspeler van die Kaapse Filharmoniese Orkes is, word op die klavier begelei deur Schumann, wat al van 1999 aan die Konservatorium verbonde is.

Schumann, gebore in 'n musikale familie, het as jong pianis talle plaaslike en internasionale musiekkompetisies gewen voordat sy by die Universiteit van Noord-Texas in Amerika gaan studeer het.

Benewens klavieronderrig aan die Konservatorium, geniet Schumann tans 'n besige loopbaan op die konsertverhoog, veral saam met haar man, Luis Magalhães, as die klavierduo TwoPianists. Magalhães onderrig ook klavier aan die US.

*Luminous Shade* word uitgereik deur Schumann en Magalhães se platemaatskappy, TwoPianists Records. Dit bevat talle interessante werke deur minderbekende komponiste soos Eugène Bozza (1905–1991), Donald Martino (1931–2005) en Luigi Bassi (1833–1871), asook van die bekender Romantiese komponis Joseph Rheinberger (1839–1901).

'n Werk deur die Suid-Afrikaanse komponis Hendrik Hofmeyr (gebore 1955), wat in die 1990's 'n dosent aan die Konservatorium was en tans aan die Universiteit van Kaapstad klasgee, is ook ingesluit. Aldus die CD-boekie beskryf Hofmeyr sy skepping as "'n somber nokturne wat die klarinet se liriese karakter en die donker timbre van sy lae register ten toon stel".

Die CD kan bestel word by www.twopianists.com.

## Read

A new book of the Circle of Concerned African Women Theologians edited by Prof Julie Claassens of the Department of Old and New Testament and Dr Stella Viljoen of the Department of Visual Arts at Stellenbosch University was launched recently.


Titled *Sacred Selves: Essays on Gender, Religion and Popular Culture* (Griffel Publishing), the book focuses on how various forms of popular culture – including film, music, novels, magazines and the promotional material of churches – put forth images of men and women that do not do justice to the complexity of personhood. It contains essays by leading South African theologians and media or visual culture scholars who share a common interest in gender, and who are equally concerned about the way gender is presented in the media.

Topics covered in the book include gender violence, gender stereotypes, gender representation in the Afrikaans corporate church, domestic violence, "green" spirituality, human dignity, and patriarchal masculinity.

"In some way the book counters the message of the media which says that people are not fully human. It tries to show that humans have an inherent dignity and are worthy of respect and honour," says Claassens.

According to Viljoen, this work is a clear indication that religion and culture can complement each other.

Among the contributors are Dr Funlola Olojede of Stellenbosch University; Marthie Momberg, an independent researcher, writer and communications consultant; Leandra Koenig-Visagie of Unisa; Duncan Reyburn of Pretoria University; Dr Miranda Pillay of the University of the Western Cape; and Chris Broodryk of Pretoria University.



# Get moving!

*Summer is almost here and soon there will be no more hiding your body under heavy layers of clothing. So get into shape with these exercise tips.*

If you have been overindulging this winter season, don't worry, there is still time to get into tip-top shape before you hit the beach. Last month, we touched on good eating habits to avoid piling on those extra kilos, and this month we focus on exercise to get you in peak condition.

Research shows that not only does exercise improve your health, it can also help prevent the onset of several conditions such as diabetes, heart disease and cancer. For those of us who are getting on in years, exercise even has anti-ageing effects!

For SU staff members there are definitely opportunities to get you moving in the right direction, says Maureen Kennedy, Head of SU's Wellness Division. HR Wellness in conjunction with the Maties Sport Athletics club now have a lunch-time and after-hours walking/running programme.

"Whether you would like to start with just walking in order to improve your physical fitness level or whether you would like to progress further, this is the programme for you. An added benefit is that there is no cost involved," Kennedy says.

If walking and running do not peak your interest, an alternative would be to join the SUSPI gymnasium, which offers more than 90 classes per week. The gym caters for people of all fitness levels with a number of training options tailored towards your needs and interests. Classes include yoga, zumba, rowing, cardio ball, callanetics, body toning and aerobics.

## Tips to get you started

- Do 20 to 30 minutes of brisk walking at least three times a week.
- Take the stairs, instead of using the lift.
- Swop your desk chair for an exercise ball.
- Instead of phoning or e-mailing a colleague, why not get up and walk to him or her.
- Make it fun: skip rope, try dancing or even water aerobics.
- Get an exercise buddy or two by joining an exercise group if you are not up to exercising alone.
- Invest in light weights that you could keep in your office drawer and use whenever you have spare time.
- If you live close to the office, why not walk or use your bicycle.

• For more information about the walking/running programme go to http://wellness.getgiddyup.com/ or phone 021 808 4824 or 021 808 2755. For more information about gym classes go to http://suspi.co.za/gymnasium/ or phone 021 808 9133.



**The experts agree:**
*The secret to sticking with exercise is to make it fun, setting realistic goals and always consult with your doctor before embarking on any fitness programmes.*
***On your marks, get set, go!***





# Educating teachers

*Prof Maureen Robinson, the new Dean of Stellenbosch University's Faculty of Education, brings with her a wealth of experience in South Africa's educational sector.*



*Prof Maureen Robinson* *Photo: JUSTIN ALBERTS*

From being a teacher and lecturer to serving on several committees on education, Prof Maureen Robinson's experience stretches wide. Born in Cape Town, she completed her BA and Teachers' Diploma at the University of Cape Town, a doktorandus degree at the University of Leiden in the Netherlands, and her MEd and DEd at the University of the Western Cape (UWC). After having been a teacher, Robinson joined UWC in the late 1980s to teach courses on action research and curriculum innovation. In 2002, she was appointed as Professor and Dean in the Faculty of Education at the Cape Peninsula University of Technology.

**How has your experience at SU been so far?**
Very pleasant. Everyone has been so welcoming and the administrative processes associated with my appointment have been smooth. I have not had to lose any time in sorting out the logistics associated with my arrival, for which I am very grateful. It is an adjustment working in a multilingual environment. However, as South Africa is a multilingual country, I value the experience of having to work across different languages in the way that most people in this country have to do.

**What have you found to be the faculty's strong and weak points?**
I have met with all the departments and centres and I am really impressed. There is a strong work ethic, a professional ethos, an excellent organisational infrastructure and a range of projects and interventions connected to research, teaching and community interaction. While I would not call it a "weakness" as such, I think we could be doing more to profile what the faculty is doing, both internally amongst colleagues themselves, and in the region. I would also like to see the research orientation of the faculty impacting more directly on our teaching and professional engagement. This means committing to a scholarly approach to teaching and learning, and to networking with various partners in addressing the educational challenges of our country.

**Where would you like to steer the faculty?**
I would like to work on building a sense of community in the faculty. As a start, we have agreed that each department will host a "show and tell" for the other departments, so that we can encourage more cross-pollination amongst colleagues and disciplines. We are also going to upgrade the news section of our website. I am very interested in curriculum development for teacher education and look forward to working with colleagues on the aims, structure and content of the BEd programme. This is partly in response to the Higher Education Qualifications Framework but also as a way of asking questions about who we are teaching, what we are teaching, how we are teaching, and why we are teaching. In general, I would like to see the faculty as a learning organisation that seeks ways – to quote the Rector – of enhancing both its success and its significance.

**Having been involved in South Africa's education system in other contexts, what is your opinion thereof?**
We are all aware that education in South Africa faces many challenges. Many of these have to do with our history and society in general, and many have to do with policies that may not have taken us in the direction that we would have wanted. We can play a role in addressing these challenges by ensuring that the teachers that graduate at SU have good content knowledge, excellent pedagogical skills, an understanding of the relationship between school and society, and a sense of themselves as active citizens in a democracy. At the postgraduate and research level, we can offer our conceptual and methodological skills to engage with the serious questions of the day, as well as to contribute to national and international networks.



ANINA
POTGIETER
OPTOMETRISTS

Gratis enkelvisie bril
en raam saam met
elke volledige bril
aangekoop*
Slegs vir **US Personeel**

Plein Straat 61
Stellenbosch
021 882 9370
apotgieter@optimaxmail.co.za
*voorwaardes geld



*Dr Ruth Albertyn (centre), a research associate of the Centre for Higher and Adult Education in SU's Faculty of Education, has been awarded the 2012 Outstanding Reviewer Award from the Emerald Publishers Literati Network. This was for excellence in her work on reviewing articles for the International Journal for Researcher Development (IJRD) in 2011. Here with her are Prof Maureen Robinson, Dean of the Faculty of Education, and Prof Eli Bitzer, an assistant editor of the IJRD.*



*Die Stellenbosse Universiteitskoor is op die onlangse Wêreldkorespele in Amerika as wêreldkampioene in twee afdelings bekroon. Om dit te vier het die koor 'n spesiale konsert op Sondag 26 Augustus op Stellenbosch gehou. Ouers van matrikulante wat deel is van die US se Saterdagskool-projek, asook skoolhoofde is genooi. Die Saterdagskool word onder meer in Mitchells Plain, Atlantis, die Paarl, asook Caledon, Worcester en Malmesbury aangebied. Hier is prof Russel Botman (middel), US Rektor en Visekanselier, saam met (van links na regs) Frances Coetzer (US-koorlid), mnr Lyndon en mev Lesley Manas van die Paarl, en Engelien Coetzer (US-koorlid).* Foto: WAYNE MULLER

HIGH TEA
CONFECTIONARY

Cakes, Quiches, Pies, Scones, Savouries,
Rusks, Biscuits, Party Cakes & Platters!

www.hightea.wozaonline.co.za | 071 364 1656

## ADVERTENSIES / ADVERTISEMENTS

### TE KOOP / FOR SALE

**Townhouse for sale:** 3 Bedroom Townhouse in De Tyger. Ideal for students. 3 km from Tygerberg campus. Call 082 979 4667

### ACCOMMODATION WANTED / VERBLYF GESOEK

**Looking for accommodation in Stellenbosch:** Visiting Professor (and wife) to visit from September 2012. Six months lease with possible six months extension. Phone Chantal on 076 044 5677.

### TE HUUR / TO LET

### VERBLYF / ACCOMMODATION

**Verblyf Stellenbosch:** Selfsorg-akkommodasie in Jonkershoekweg. Maks. 3 persone, R130 pp per dag. Heerlik, gesellig, privaat. www.121jonkershoekroad.co.za. Kontak 021 883 3104 of , rdk@sun.ac.za.

### SAAMRYKLUB / LIFT CLUBS

**Southern Suburbs to Stellenbosch:** Lift urgently needed. Working hours fairly flexible. Will contribute to petrol costs. Contact LR2@sun.ac.za or sms LIFT and your details to 076 977 7740.

**Strand – Stellenbosch:** 2 Working ladies at Campus seeking lift club. Working hours 08:00 to 16:30. Will contribute! Contact 079 509 3502 or mailto: rosman@sun.ac.za.

**Paarl – Stellenbosch:** Need lift from Paarl to Stellenbosch and back. Work Hours 08:00 to16:30. Contact Taryn 079 885 8142 or ryn@sun.ac.za.

**Heldervue – Stellenbosch:** My werksure is 08:00 tot 16:30 (daagliks). Sal bydra tot petrolkostes. Kontak asb jl8@sun.ac.za of 021 808 4889.

**Strand – Stellenbosch:** Soek twee persone om saam te ry. Werksure 8:00 tot 16:30. Eie vervoer noodsaaklik. Kontak: kvv@sun.ac.za of 021 808 3583.

**Noordelike voorstede** (Goodwood/Monte Vista/Panorama/Bellville omgewing) – **Stellenbosch:** Saamryklub soek een of meer persone om saam te ry en te deel vanaf bogenoemde areas na Stellenbosch kampus. Werksure 08:00 tot 16:30(daagliks). Eie vervoer noodsaaklik. Kontak by rmalan@sun.ac.za of 082 779 7800.

**Noordelike voorstede (Vredekloof/ Stellenberg omgewing) – Stellenbosch:** Saamryklub soek een persoon. Werksure 08:00 tot 16:30 (daagliks). Eie vervoer noodsaaklik. Kontak by Irma_bester@sun.ac.za of 083 454 3852